Trekkers Buitelug Ontspannings Klub

Laager 20

Posbus 30358

Pellissier

27 April 2019

Goeie dag Trekkers en vriende

Lady Brand? Zastron? Storm reën oral. Arme Salome moes oral navraag doen. Yr.No is bekyk en weer bekyk. Elize het Pieter by Fluitjie skraal ge-charm dat hy nie weet wat hom getref het nie. Orania het as oorwinnaar uit die stryd getree en ons het een van die lekkerste staanplek gekry.

Waar was julle almal? Ons het julle gemis.

Vrydag oggend in heerlike sonskyn op Orania aangekom. Neels en Juan het Juan se woonwa yskas uitgestort, want die het genoeg gehad en wou nie meer werk nie. Well done! Daarna was die bier koud.

Saterdag is ons Dorp Toe! Bo dorp, onderdorp en oral. Ons het by Oom Jan van Riebeeck, Koos de La Rey en Piet Retief ook 'n draai gaan maak en daar 'n wyle vertoef. Die middag het ons die GX hindernis byeenkoms gaan opsoek en daarna die Oval track. Groot oval track op Orania, wilde masjiene van regoor SA, ons het besluit om nie die oval track te gaan kyk nie, maar wel na die manne te luister wat later die aand van die baan teruggekeer het en in die park oornag het.

Sondagmiddag het dit begin reën, ons het pot gemaak en bietjie nagmaal wyn geniet.

Maandagoggend het dit liggies gereën, ons het gou die tente weggepak, ontbyt gemaak en huiswaarts gekeer.

Juan is baie teleurgesteld in die Salome en Elize. Die dames het die naweek spyskaart uitgewerk en ongelukkig was daar net tyd om een keer te braai. Juan en Neels het sakke hout saamgeneem vir die groot vure en braai, sakke hout het terug huis toe gegaan.

Volgende kamp byeenkoms is die AGM te Haldon House met Hein en Sarieta as die marshals. Hou die WhatsApp groep dop vir meer inligting.

Volgende Uitspan

AGM Haldon House

17 en 18 Mei 2019

"Marshals" Hein en Sarieta

Ek versoek asb. die lede om ledegeld van R100 na die onderstaande bank oor te betaal, en asb. die bewys vir Sarieta stuur. Die bankbesonderhede is as volg:

Trekkers Karavaan Klub

First National Bank

Tak: 230534

Rekeningnommer: 60507190548

Laat weet Sarieta teen 14 Mei 2019 of julle by die AGM teenwoordig sal wees.

Belangrike datums vir hierdie tyd van die jaar:

Verjaarsdae:

Berenice Claassens – 2 Mei

David Claassens – 5 Mei

Wynand Sr – 25 Mei

Neels Jnr– 29 Mei

Trekkers groete.

Neels van Niekerk

TREKKERS

OUTDOOR RECREATION CLUB
BUITELUG ONTSPANNINGSKLUB

LAAGER 20

Kennisgewing
Algemene Jaarvergadering

Ek wil dit net onder die lede se aandag bring dat die vergadering alleenlik gehou kan word indien daar ⅔ van die lede teenwoordig is. Volgens die Trekkers Grondwet moet die AGM voor die einde van Mei gehou word.

Die algemene jaarvergadering sal plaasvind op:

Datum:	18 Mei 2019
Tyd:	15:00
Waar:	Haldon House

Ledegeld van R100 is vooraf betaalbaar of voor die aanvang van die vergadering op 18 Mei 2019 by Sarieta. Indien u spaarfonds op datum is sal die ledegeld van u fonds verhaal word.

Lede wat hulle verkiesbaar wil stel vir enige posisie in die komitee moet asb. vir Elize kontak. (0721251751).

Ek rig 'n ernstige versoek aan lede om asb. hulle beste te probeer om die vergadering by te woon.

Trekkers groete

Neels van Niekerk
Voorsitter